

RENTEVRYE STUDIELENINGS



Beste Sol-Tech-student

Helpende Hand Studietrust (**HHST**) inligtingstuk vir studente wat by Sol-Tech studeer.

Studente kan aansoek doen vir 'n gedeeltelike, rentevrye studielening wat hoofsaaklik vir klasgelde aangewend word. **HHST** bied ongelukkig nie beurse aan nie. Sien Algemene Inligting.

AANSOEKPROSES

Die **Studietrust** handhaaf baie streng spêrdatums vir aansoeke en die indiening van dokumentasie. Spêrdatums vir aansoeke mag verskil weens verskeie kursusse. Kontak asb vir studente@helpendehand.co.za om aansoek spêrdatums te bevestig.

STAP 1 :

- Alle voornemende Sol-Tech studente moet eers by SOL-TECH self registreer en deur die keuringsproses gaan
- Tydens Sol-Tech se aansoekproses, kan studente aandui hulle benodig eksterne finansiering
- Alle Sol-Tech -studente moet eers aansoek doen by Solidariteit Finansiële Dienste (SFD), vir 'n rentedraende studielening

STAP 2 :

- Kontak gerus SFD by <https://solidariteitfinansiedienste.co.za/> of 0861 101 005 om die aansoekproses te begin
- Indien jou aansoek by SFD onsuksesvol is, sal SFD jou verwys na HHST om 'n aansoek in te dien vir 'n gedeeltelike, rentevrye studielening

STAP 3 :

- Studente wat deur SFD na Helpende Hand verwys is, sal deur die HHST gekontak en in kennis gestel word van die aansoekproses en aansoekperiode wat hulle moet volg
- Slegs Sol-Tech studente wat deur SFD verwys is, sal toegelaat word om by HHST aansoek te doen
- Die keuse en verantwoordelikheid om 'n aanlyn aansoek in te dien, berus by die student
- Onvolledige aansoeke of aansoeke wat nie voor die spêrdatum ontvang is nie, sal nie aanvaar word nie

DOKUMENTASIE WAT TYDENS DIE HHST AANSOEKPROSES BENODIG WORD

Om vir 'n studielening in aanmerking te kom, moet 'n volledige aanlyn aansoek teen die gegewe spêrdatum ingedien word.

Indien een of meer dokumente nie teen die spêrdatum beskikbaar is nie, moet 'n verklaring in dié verband in die plek van die dokument ingedien word. Dit is die aansoeker se verantwoordelikheid om die verklaring so spoedig moontlik ná die spêrdatum aanlyn met die korrekte dokument te vervang.

Die **Studietrust** aanvaar geen verantwoordelikheid daarvoor om seker te maak dat 'n aansoeker se aansoek volledig is wanneer dit aan die studiefondskomitees voorgelê word nie.

Die volgende dokumente word benodig om aansoek te doen:

- Bewys van inkomste van die aansoeker en alle persone wat finansiëel vir die aansoeker sorg
- Die aansoeker se nuutste puntestaat
- Bewys van die aansoeker se hoogste kwalifikasie (indien van toepassing)
- Identiteitsdokumente van die aansoeker en almal in die aansoeker se huisgesin (indien van toepassing)
- Bewys dat die aansoeker by Sol-Tech geregistreer is



- Bewys van Studiekostes: Kontak Sol-Tech vir 'n kwotasie
- Ander dokumente afhangede van die aansoeker se omstandighede, byvoorbeeld 'n beëdigde verklaring in die geval van werkloosheid of 'n getuigskrif van 'n maatskaplike werker indien die aansoeker in 'n kinderskool woonagtig is

ALGEMENE INLIGTING

Die **Studietrust** help met gedeeltelike, rentevrye studielenings vir klasgelde by Sol-Tech. Geen beurse word toegeken nie, aangesien die terugbetaling van een studielening weer die toekenning van 'n volgende moontlik maak.

Geen studielening word goedgekeur vir vakke wat gedruip is of herhaal moet word nie en ook nie vir agterstallige gelde nie. Indien die student sekere vakke nie slaag nie, bly hy of sy steeds verantwoordelik vir die terugbetaling van alle lenings wat vantevore toegestaan is.

Volledige aansoeke wat voor die spêrdatum ontvang is, word voorgelê aan die studiefondskomitees wat die toekenning van studielenings behartig. Elke onafhanklike komitee het hul eie reëls en bepalings. Daar word aan elke volledige aansoek 'n punt toegeken wat volgens die **Studietrust** se maatstawwe bereken word. Die punt word onder meer op grond van die volgende kriteria bereken:

- » Die aansoeker se akademiese prestasie
- » Die gesin se maatskaplike omstandighede
- » Die gesin se samestelling (hoeveel mense daar in die gesin is)
- » Die gesin se gesamentlike inkomste per jaar

Lede van **Solidariteit** en ondersteuners van **Helpende Hand** ontvang ekstra punte aangesien die **Studietrust** 'n inisiatief van **Helpende Hand** is en Helpende Hand deel is van die **Solidariteit Beweging**. **Let daarop dat lidmaatskap ekstra punte beteken, maar nié outomatiese goedkeuring nie.** Aansoekers mag hul ouers se Solidariteit- of Helpende Hand-lidnommers op hul aansoeke invul. Die Studiefondskomitee mag van 'n goedgekeurde kandidaat verwag om as lid of ondersteuner aan te sluit.

Om 'n ondersteuner van **Helpende Hand** te word, moet u 'n vrywillige bydrae van minstens R50 per maand maak om ons in staat te stel om ons **Studietrust** en ander nasionale projekte te befonds.

Klik hier om die ondersteunersvorm te voltooi.

Die **Studietrust** beveel aan dat die student self aansoek doen en dat ouers dit nie namens die student doen nie. Dit is die aansoeker se verantwoordelikheid om alle inligting oor die **Studietrust deeglik deur te lees**, seker te maak dat die aansoek volledig en betyds ingedien word, en betyds op verdere kommunikasie te reageer. Nadat die toekennings deur die studiefondskomitees afgehandel is, word die studente van die uitslae in kennis gestel. Dit is die student se verantwoordelikheid om Sol-Tech in te lig indien 'n studielening toegeken is.

Studente wat 'n toekenning ontvang betaal 'n minimum paaiement van R100 per maand terug terwyl die student studeer. Die terugbetalingsperiode sal in 'n goedkeuringskrywe aan suksesvolle kandidate gekommunikeer word alvorens hulle die toekenning aanvaar. Die paaiemente van die oorblywende balans van die hoofskuld word uitgewerk en bespreek met elke student, voordat hulle uitgeplaas word deur Ajani vir hulle vakleerlingskap.

KONTAKBESONDERHEDE:

Tel: 012 111 8360 (opsie 1 op die keuselys) | studente@helpendehand.co.za

www.hh-studietrust.co.za
www.helpendehand.co.za